# GEDAGTES OOR DIE WESE VAN (VERBONDS)PREDIKING [1]

Dirk Postma
Gereformeerde Kerk
PORT ELIZABETH

## 1. INLEIDEND

Ek hoor min predikante preek. Tog wil ek as predikant ook elke Sondag Woordbediening hê. Ek preek altyd in die eerste plek vir myself. As my eie preek my die Sondag nie aangespreek het nie, beskou ek die preek as 'n mislukking. Ek moet preek vir my behoeftes ... en vir my lidmate s'n.

Bepaal die behoeftes van die lidmate nou wat die predikant moet preek? Is die behoefte van die lidmate deurslaggewend of moet die predikant verkondig 'So sê die Here'? Die antwoord is sekerlik laasgenoemde en dan mag ek sê: Ek wil nie 'n predikant hoor nie. Ek wil die Here hoor in my situasie van vandag.

- As ek swak is, wil ek versterk word.
- As ek bang is, wil ek verseker word.
- As ek twyfel, wil ek bevestig word.
- As ek gekwel word deur my skuldgevoelens, soek ek die vryspraak.
- As ek bly is, wil ek God se glimlag oor my sien.
- As ek sondig lewe en ongehoorsaam is, moet ek sidder vir die toorn en oordeel van God.

In sulke omstandighede wil ek nie gewys word op Abraham, Dawid, Petrus, Augustinus, Calvyn, of op 'n wonderlike geskiedenis van Israel destyds, of op allerlei belewenisse en deugde van gelowiges en ongelowiges in Bybelse tye nie. Nee, ek wil God sien in sy koms na my toe. Ek wil die drie-enige God ervaar in sy unieke diens aan my. Ek wil die opwinding van die Woord as 'saad van die wedergeboorte' ervaar; die opwin-

[1] Oorspronklik aangebied as voordrag by die jaarvergadering van die Gereformeerde Teologiese Vereniging te Pretoria - 5 Augustus 1991, onder die titel "Is die prediking vir die Gereformeerde Kerke nog Skriftuurlik ter sake?"

ding van lewensvernuwing en herstel in Christus. Met hierdie ingesteldheid stel ek as hoorder vir myself as prediker hoë vereistes.

## 2. DIE UNIEKE AARD VAN DIE WOORD

Prediking is die verkondiging van die Woord: God se spreke. Prediking sal slegs Skriftuurlik ter sake wees as die unieke aard van die Woord in vergelyking met ander stigtelike geskrifte te alle tye erken en beleef word.

Vervolgens word nagegaan wat die Bybel as Gods Woord *nie* is nie.

- Dit is *nie* mededelings van allerlei waarhede nie: oor God, die mens, die wêreld, die hemel, die hel, sonde, genade nie ... Dan sou die hoorder of leser se enigste logiese reaksie wees - nou weet ek ook meer, Here!

- Dit is *nie* mededelings van geskiedenisse, gebeurtenisse, feite (hoe verhewe ook al) soos verhaal in die Ou Testament en die Nuwe Testament nie. Dan sou ek slegs kon sê: Wat 'n interessante, veelbewoë verlede, Here!

- Dit is *nie* beskrywings van die innerlike en uiterlike lewens en gevoelens en emosies van gelowiges (en ongelowiges!) in die loop van die Heilige Geskiedenis nie. Dan was my reaksie maar net: En as ek nou nie soos hulle voel en emosioneel reageer nie, Here?

- Dit is ook *nie* 'n weergawe van wette, voorskrifte en aanwysings van hoe 'n mens voor God en saam met ander mense in hierdie wêreld moet lewe nie. My antwoord daarop sou maar net wees: Makliker gesê as gedoen, Here!

Wat is die Woord dan wel? Natuurlik kom al die bogemelde en baie meer in die Woord aan die orde, maar dan altyd in hulle konteks met dit wat die unieke van die Woord uitmaak en dit behels baie meer as die dinge hierbo genoem.

Die Woord is *die* waarheid, *die* geskiedenis, en dit vra *die* geloof en die *gehoorsaamheid*. Hierdie stelling word in die volgende afdeling breër uitgewerk.

## 3. DIE SENTRALE BOODSKAP VAN DIE BYBEL

Wat wil die Woord sê (*kerugma*) en wat wil die Woord hê (*skopus*)? Die voor die hand liggende antwoord is dat *die Bybel verlore sondaarmense die goeie boodskap van verlossing deur die drie-enige God wil laat hoor.* Hierdie verlossing werk God in die tyd uit langs die volgende twee lyne:

* Die koms van sy koninkryk (Gen. 3:15; Mat. 3:2; Mat. 4:17).
* Die instelling en handhawing van die genadeverbond in die gestalte van
  - die Ou Verbond in die Ou Testament (Gen. 17:1-8) en
  - die Nuwe Verbond in die Nuwe Testament (Jer. 31:31 e.v.; Hand.2:39).

Oor elkeen die volgende opmerkings:

### 3.1 Die koms van die koninkryk

Hierdie aspek is belangrik want hieruit sal God se koningskap blyk. In die besinning hieroor is die kardinale vraag die volgende: Wie is die koning? Wie is die opperheerser? Hierdie strydvraag kom na vore in onder andere die volgende:

Die eeuelange oorlog tussen God en Satan (Gen. 3:15), en die 'verklaring' van die oorlog wat in die loop van die geskiedenis hier op aarde woed, maar ook op menslike vlak deurgetrek word:

* Deur middel van Satan se 'hakskeenbytery' word daar nog steeds gepoog om
  - Gods kinders afvallig te maak deur die koning van sy onderdane te beroof;
  - te verhoed dat die Verlosser gebore word, en daar sodoende herstel van die harmonie sal kom.
* Die voortgang van hierdie stryd word ook daarin gesien dat die 'kopvermorseling' deur God daarvoor sorg dat
  - die verlossingslyn deurloop (die sogenaamde 'goue draad' in die Bybel);
  - die Messias kom om te verlos deur sy geboorte, dood, opstanding en wederkoms;

- dat die Heilige Gees die heil in Christus toepas en sondaars se lewens vernuut;

- by die wederkoms alles voltooi, die koninkryk volledig teenwoordig en Satan en sy trawante finaal vernietig is.

### 3.2 Die genadeverbond

Die genadeverbond is ingestel sodat die sondaarmens *nie onder sal gaan nie*.

Die mens is direk betrokke in die oorlog, want Satan val hom as die 'kroon' van God se skepping aan. (Die kerk is al die 'slagveld' van die oorlog genoem.) Die verbond (ver-*bind*-ing; plus) impliseer dan

- die almagtige God *plus* die swak sondaar *teen* die Satan, wat *verseker* dat daar oorwinning is en dat die lewe weer binne die bereik van die mens kom.

Die verbond behels die volgende vier aspekte:

- die verbonds-*belofte*: *lewe* in al sy volheid,
- die verbonds-*eis*: *gehoorsaamheid / geloof*,
- die verbonds-*seën*: die lewe as werklike *besit*,
- die verbonds-*wraak*: die oordeel - die *dood*.

Teen hierdie agtergrond kan nou gevra word wat die skopus van die Woord is en wat die Woord wil hê. Die volgende aspekte kan onder meer genoem word:

- wedergeboorte tot 'n ware ewigdurende lewe (vgl. 1 Pet. 1:23)

- geloof tot die lewe in die Naam van Christus (vgl. Joh. 20:31)

- toerusting tot egte menswees en verheerlikende diens van God (vgl. 2 Tim. 3:16,17).

Uiteraard sal daar by elke Bybelboek, perikoop en binne bepaalde tekste, in hulle verband en teen bogenoemde agtergrond, deur studie gesoek moet word na die *kerugma* en die skopus daarin vervat. Vervolgens word die prediking as bediening van hierdie woord onder die loep geneem.

## 4. IS ONS PREDIKING SKRIFTUURLIK TER SAKE?

Hierdie vraag impliseer nie bloot 'gereformeerde' prediking, of 'regsinnige' prediking of selfs prediking as Skrifverklaring en -toepassing nie. In ons besinning gaan dit om *effektiewe* prediking. Van kardinale belang is die vraag of die prediking van die Woord effektief inwerk op die hoorder in sy lewensituasie van die oomblik. (Vgl. weer die verkondigde Woord as 'saad van die wedergeboorte' in 1 Pet. 1:23 e.v.)

Ek wil aanvoer dat die prediking slegs Skriftuurlik ter sake kan wees as dit die drie-enige God laat *deurkom* na die sondaarmens

- in sy uitverkiesende welbehae,
- in sy koningskrag en -heerlikheid en
- in sy verbondsband met nietige weerlose mense.

Ek gaan veral in op *verbondsprediking* omdat juis *dit* God as die almagtige (koninkryk) en as die soewerein-beskikkende (uitverkiesing) naby die verlore mens bring. Deur verbondsprediking word die sondaarmens ingetrek in die warmte van Gods koms om ons by Hom in sy huisgesin op te neem (Ef. 2:19).

### 4.1 Uitverkiesingsprediking

Hiermee word nie bedoel prediking *oor* of selfs *vanuit* die uitverkiesing as dogmatiese waarheid nie, maar prediking wat geweek is in en gedra word deur die werklikheid dat God in sy welbehae sy raad volvoer juis ook met inskakeling van ons geloof en ons gehoorsaamheid in Christus.

Dit is ook nie prediking met die uitverkiesing as vertrekpunt in die sin van 'as God my nie uitverkies het nie, sal ek tog nie kan glo nie, al wil ek ook hoe graag ..." So 'n 'predestinistiese' en deterministiese benadering is vreemd aan die Skrif. Nee, uitverkiesingsprediking is positief, prediking wat óópmaak vir berouvolle sondaars wat na Christus toe kom.

Uitverkiesingsprediking plaas ons geloof en ongeloof in perspektief met betrekking tot die soewereine volvoering van Gods raad:

- *Geloof*: Uitverkiesingsprediking impliseer steeds dat ongeloof God se werk nie laat misluk nie, want syne *sal* na Hom kom in ware geloof. En wie ook al wil kom, *sal kan*, want die Vader gee diesulkes aan Christus, en hulle het vooraf die versekering dat hulle deur die Vader aanvaar sal word, want God wys nie weg nie. Uitverkiesingsprediking sluit nie toe nie; dit laat hoor: As jy wíl glo, sal jy ook kán! (Vgl. Joh. 37.)

- *Ongeloof*: Uitverkiesingsprediking laat eweneens duidelik verstaan: As iemand nie wil kom nie, sal hy ook nie 'per ongeluk' by God uitkom nie. God se almagtige krag sit altyd agter die koms van sy uitverkorenes. As Hy nie 'trek' nie, kom die onwillige nie 'toevallig' by Hom uit nie. Daarom juis is ongeloof eie skuld en verharding, en nie God se voorafbepaling nie.

Samevattend: Uitverkiesingsprediking verkondig God nie as 'n 'soebat'-God nie en ook nie as 'n 'despoot'-God nie, maar as die *grote* God wat met klein mensies werk in sy genade. Hy is só groot dat Hy sy soewereine beskikking en die mens se verantwoordelikheid sonder botsing langs mekaar kan handhaaf.

### 4.2 Koninkrykspredikíng:

Koninkrykspredikíng sluit noú by voorgaande aan, want dit verkondig ook 'n *groot* God wat soewerein regeer en in wie se hande die lotgevalle van mense, volke en alle dinge is.

Koninkrykspredikíng is nie noodwendig prediking oor die koninkryk van God nie, maar dit is verkondiging van

- die Koning aan die werk!
- die Koning as oorwinnaar in die oorlog teen die anti-koning!

Elke preek behoort hierdie basiese waarheid te laat blyk, want dit is immers die toon van die Godsopenbaring in sy Woord. (Vgl. punt 3: Die sentrale boodskap van die Bybel.)

Die Ou Testament en trouens die hele Godsopenbaring is 'n ontvouing van die 'moederbelofte' (Gen. 3:15) - die oorwinning te midde van die groot stryd. Ook die Nuwe Testament is eweneens ingebed in die werklikheid van die koninkryk:

- Johannes preek dit (Mat. 3:2),
- Jesus begin sy prediking daarmee (Mat. 4:17),
- Jesus begin sy bediening vanuit die hemel ná hemelvaart daarmee, want die preekwerk van die kerk (Mat. 28:19) rus op die 'Ek het'-pilaar van die koningsmag (Mat. 28:18) en op die 'Ek is'-pilaar van sy verbondstrou en -nabyheid (Mat. 28:20b).

As *'n voorbeeld van so 'n koninkryksprеek*, neem ek as teks Markus 4:35 e.v., veral vers 39-41 (Jesus wat die stormwind op see bestraf).

Bloot eksemplaries toegepas (soos dit dikwels voorkom), sou van hierdie Skrifgedeelte gesê kon word: 'So het ons ook maar die storms in ons lewe - maar wees getroos - as jy maar net glo ...' (Die waarheid en die ervaring leer egter dat die Here sy gelowige kinders nie altyd uit die lewenstorm sal red nie. En wat meer is - uit hierdie teksgedeelte word dit duidelik dat die dissipels nie geglo het nie, en tog het Jesus gered!)

Wanneer hierdie teksgedeelte in sy verband gesien word, kom die volgende aspekte na vore:

* In sy *wydste* verband verkondig die Bybel die koms van God se koninkryk. Die Markusevangelie vernou egter die skopus en beklemtoon Jesus as die groot koning (die boek is hoofsaaklik aan die Romeine gerig en hulle is deur magsdade beïndruk).

* Die *direkte* verband van die teksgedeelte word duidelik deur die ontleding van aspekte wat na vore kom uit die gelykenisse wat spesifiek in die Markusevangelie opgeneem is:

  - Die koninkryk kom deur die saad van die Woord en sy uitwerking (Markus 4 begin met die gelykenis van die saaier).

  - Die saad groei vanself - soos die mosterdsaad (vs. 33: "... deur sulke gelykenisse het Jesus oor sy boodskap gepraat").

  - Die tyd waarop die gelykenis afspeel (vs. 35: "Laat daardie middag ...").

  - Die dissipels is nie toevallig in die skuit nie. Wanneer Jesus sê: "Kom ons vaar oorkant toe" (vs. 35) ontstaan die vraag wat die doel van hierdie vaart is. Die

antwoord word egter duidelik uit Markus 5: om 'n duiwelbesetene in Gerasa te gaan verlos. Dit word dus ook duidelik dat die koninkryk kom veral waar Christus verskyn en die Satan moet terugwyk.

- God bevry deur die Satan te bestraf. Die Griekse woord vir "bestraf" (vs. 39) is dieselfde woord as wat in Markus 1:25 gebruik word in verband met die bevryding van die besetene.

In hierdie hele situasie laat Jesus sy mag blyk teenoor die Satan wat selfs met natuurgeweld (en die kleingeloof van die dissipels) die koning wil stuit. Die hoofgedagte wat uit hierdie gegewens geabstraheer kan word is dus die volgende: ons Koning laat Hom deur niks en niemand stuit in sy koninkrykswerk nie.

## 4.3 Verbondsprediking

Prediking is gewigtige werk. Die God van die verbond wil deur die lewende verkondiging sy kinders lei tot lewensvernuwing en lewensvolheid in Jesus Christus. Daarom is prediking by uitstek die Heilige Gees se genademiddel.

Die prediking in die gemeente van Jesus Christus moet altyd verbondsprediking wees (net soos dit altyd koninkryks- en uitverkiesingsprediking moet wees).

*'n Omskrywing van verbondsprediking*

Verbondsprediking is *nie* prediking

- oor die verbond as sodanig nie;

- waarin die term *verbond* noodwendig in elke preek voorkom en die prediking droog-dogmatiese en 'objektief' van aard is nie;

- wat by elke teksverklaring en -toepassing op kunsmatige wyse alles wil inforseer in die skema van die verbond nie.

Verbondsprediking is wel prediking waarin altyd, sonder uitsondering, uitgegaan word van die lewende verbondsverhouding tussen God en sy verbondsvolk: die gemeente van Christus. Net so min as wat 'n vader in al sy handelinge teenoor sy kinders in sy

huis maar een enkele oomblik kan vergeet dat hulle sy kinders is en nie weeskinders of vreemdelinge nie, net so min kan en mag 'n prediker maar in een enkele preek vergeet dat hy voor hom het die kinders van God - soet kinders en stout kinders; soms soet, soms stout maar dan tog altyd kinders, God se "huisgesin" (Ef. 2:19).

Prediking as vertroosting, versterking, vermaning, lering gaan dus in Christus se gemeente altyd uit van hierdie vaste verhouding. Die verbond bepaal die wyse waarop tot bekering opgeroep word. Die bekeringsoproep het dus nie as inhoud 'bekeer jou, anders gaan jy hel toe' nie, maar 'kom terug na jou Vader toe want Hy het jou in Christus oneindig lief'.

### 4.3.1 Verbond en die Heilige Skrif

Bogenoemde gedagtes is nie net waarhede wat uit die Heilige Skrif kom nie, maar *is* die groot waarheid van God se koms na sy kinders naamlik in die vorm van 'verbond'. So tree Hy in verbond met Adam as hoof van die menslike geslag voor die sondeval. Na die sondeval verseker Hy die voortgang van fisiese lewe in sy verbond met Noag en die ganse skepping. By die genadeverbond met Abraham en sy nageslag verdiep hierdie lewe tot 'n lang lewe vir Israel in die beloofde land, en kom die ewigheidsdimensie na vore in die belofte dat in hom al die volke van die aarde geseën sal wees. In die *Nuwe Verbond* (Nuwe Testament) breek hierdie ewigheidslig helder deur in die ewige lewe vir die gelowiges en hulle kinders - Gods nuwe volk, sy huisgesin - in Jesus Christus, die Middelaar van die verbond.

Waar ook al God die heidene na Hom toe roep in sy Woord (Ou Testament, Nuwe Testament en verkondiging van die evangelie) het dit ten doel om hulle tot geloof te bring, waardeur hulle sy kinders word deur "aanneming" en so deel van sy groot verbondsgesin word (Ef. 2:19).

Ons kan dus inderdaad sê dat die Bybel God se verbondshandelinge met sy kinders is, en as hierdie Goddelike Woord nou gepreek word in die gemeente, kan dit mos nooit as 'n goeie boodskap (evangelie) naas of sonder of buite die verbondsverhouding tussen God en sy kinders gebring word nie! (Net so kan ons sê dat, sonder dat daar teëspraak is, die prediking in die gemeente altyd *koninkryksprediking* moet wees, want die groot Skrifwaarheid is dat God Koning *is*, en Hy oorwin die Satan. Daarom moet die prediking dit uitstraal!)

Dieselfde geld vir uitverkiesingsprediking, want die groot lyne in die Skrifwaarheid is: gevalle mens, dood in sonde en misdade en daarom magteloos om homself te red. Elke preek moet dus die versekering bied dat God almagtig en soewerein is, uit genade red wie Hy wil, en stukkende mense heelmaak in Christus.

Wanneer besin word oor verbondsprediking, moet ook besin word oor die aard van die wesenlike elemente van die verbond, omdat hierdie elemente ook die kern vorm van die verbondsprediking. Prof. W. Heyns, hoogleraar in Dogmatiek te Calvin College, V.S.A. aan die begin van hierdie eeu, definieer die verbond kernagtig soos volg in sy *Gereformeerde Geloofsleer* (1927) (Uit Hollands vertaal):

> Die Genadeverbond is die besondere vorm van die heilsbedeling, waarin die drie-enige God Hom by Verbond en eed aan die gelowiges en hulle saad verbind om vir hulle tot 'n Vader, Verlosser en Heiligmaker te wees, en hulle aan Hom verbind om sy eiendom te wees en Hom te dien, op so 'n wyse dat hulle slegs deur ongeloof en ongehoorsaamheid aan hierdie Verbond verlore kan gaan.

Dit kan die moeite loon om byvoorbeeld Deuteronomium 7 en 8 aandagtig te lees waarin baie pertinent oor die verbondsverhouding gehandel word, en dan blyk dit - ook uit al die ander Skrifgegewens - dat die verbond *vier* basiese elemente bevat: die verbonds-*belofte*, die verbonds-*eis*, die verbonds-*seën* en die verbonds-*wraak*.

Verbonds*prediking*, as hantering van die sleutels van die hemelryk (vgl. Heidelbergse Kategismus Sondag 31, veral antw. 84) maak dus met hierdie vier elemente groot erns sodat hulle in elke preek, direk of indirek, in watter volgorde ook al, behoort deur te kom.

### 4.3.2 Elemente van die verbondspreek

Die gemeente as verbondskinders wat die bediening van die Woord ontvang, behoort in elke preek die volgende duidelik te kan vind:

* Die *genadegawe van God in Jesus Christus*, dit wil sê die verlossing tot die lewe en alles wat daarmee saamhang, as *verbondsbelofte*. Die verbondskind moet onomwonde weet en ervaar: Hier het ek vandag weer die weg tot verlossing en herskepping gevind; dit is aan my toegesê en meegedeel; ek hoef dit nie te gaan soek nie en ek hoef dit nie waardig te word deur my verdienste nie. God skenk dit onvoorwaardelik aan my, sodat ek dit sal neem en dit deelagtig sal word.

- Die *daarop gegronde appèl tot geloof en 'n lewe uit die geloof as verbondseis*. Die verbondskind moet onder die prediking duidelik sy verantwoordelikheid besef: Ek moet met die beloftewoord iets doen. Dit is nie net vir kennisname nie. Ek moet elke keer weer Christus en sy weldade in 'n ware geloof toeëien vir myself en my daagliks tot Hom bekeer.

- Die gevolglike *'regverdiging deur die geloof' as verbondseën*. Die gehoorsame verbondskind wat die belofte in 'n ware geloof aanneem, moet van harte Paulus kan nasê: "Daarom is daar nou vrede tussen ons en God deur ons Here Jesus Christus. Deur Hom het ons in die geloof ook die vrye toegang verkry tot hierdie genade waarin ons nou vasstaan". (Rom. 5:1,2.)

- Die *ervaring van God se toorn en oordeel as verbondswraak*. Die ongehoorsame verbondskind moet presies weet wat Dawid bedoel met: "Toe ek oor my sonde geswyg het, het my liggaam uitgeteer... U hand het dag en nag swaar op my gedruk..." (Ps. 32:3,4.) Ek moet as onwillige verbondskind duidelik besef dat as die genadeliefde van Christus my koud en onbekeerd laat, ek baie meer oordeelswaardig is as die nie-verbondskind, die heiden. (Vergelyk Jesus se oordeel oor die onboetvaardige 'verbonds'-dorpe Gorasin, Betsaida en Kapernaum en die vergelyking met die heidense Sodom in Mat. 11:20-24.)

Dit is my oortuiging dat as die prediking in die verbondsgemeente hierdie vier momente in al hulle verskeidenheid en nuanseringe nie bevat en stel nie, dit *geen prediking as hantering van die sleutels van die hemelryk is nie* maar hoogstens meditasie, stigtelike woord, Skrifverduideliking, moralisering, ensovoorts.

### 4.3.3 Belofte en verantwoordelikheid

Suiwere verbondsprediking sal enersyds die uitwerking hê dat die gehoorsame verbondskind wat die belofte waarlik glo, tot verootmoediging en diepe dankbaarheid kom omdat hy weet dat daardie geloof nie uit homself is nie, maar die genadegawe is van die soewereine God. So kom die verbondskind wat sy verantwoordelikheid besef en daarom glo en hom daagliks weer bekeer, tot rus en vastigheid in die uitverkiesende genade van God. Hy ervaar die 'oopsluit' van die Heidelbergse Kategismus, Sondag 31.

Andersyds sal suiwere verbondsprediking die uitwerking hê dat die *ongehoorsame verbondskind* sy ongeloof en onbekeerlikheid nooit sal (kan) verontskuldig met die

verwysing na 'n harde en onverbiddelike God wat hom vantevore verwerp en afgeskryf het nie. Hy sal moet erken: dit is my eie skuld en moedswilligheid.

Hierin lê daar natuurlik vir die denkende gelowige 'n onverstaanbare verborgenheid - die samehang van Goddelike albeskikking en menslike verantwoordelikheid - maar die gelowige denker hou hier op om te probeer verstaan, want in gelowige aanvaarding weet hy God is God en daarom groot; ek is mens en daarom klein. En ek dank Hom dat ek Hom in Christus *Vader* mag noem, omdat ek kind is in sy huisgesin.

### 4.4 Skriftuurlike verbondsprediking: uitgangspunte, appèl, uitwerking

Daar is inderdaad in gereformeerde kringe 'n teologie wat op rasionele, skolastiese wyse probeer verklaar hoe dit kom dat nie alle verbondskinders, alle gedooptes, die ewige lewe deelagtig word nie. Hier vind ons dan 'n 'verbonds'-prediking wat uitgaan vanuit die (verborge) uitverkiesing in plaas van vanuit die (geopenbaarde) verbond. 'n Bekende beredenering is dan soos volg:

Daar moet in die verbond onderskei word tussen 'n 'inwendige' en 'n 'uitwendige' verbond, of ook: tussen die 'wese' van die verbond en die 'verskyning' van die verbond. Alle gedooptes het dan deel aan die verbond na sy uitwendige verskyning, terwyl slegs die uitverkorenes deel in die 'wesentlike' en slegs húlle kan dus sê dat die belofte van die ewige lewe met erns en mening aan hulle geskenk word. Om dus te kan weet of die weldade van die 'wesentlike' verbond werklik vir jou bedoel is moet jy eers (gewoonlik langs die weg van die bevindelike, die sogenaamde 'kenmerke-maatstaf') sekerheid kry dat jy 'n uitverkorene is, want dit kom daarop neer dat die 'wesentlike' verbond slegs met die uitverkorenes opgerig is.

Die leser sal begryp hoe hierdie, of soortgelyke uitgangspunte vir die kind van die Here wat soek na vaste sekerhede in Gods verbond, een groot worsteling en onsekerheid word, want die sekerheid moet nou rus in subjektiewe gevoelens in plaas van die (objektiewe) vaste beloftes van God se verbond. (Soos iemand gesê het: 'In die stormsee gooi die skip sy anker uit op die onderdek in plaas van in die vaste rotsbodem daaronder.')

Hiervolgens kan die twyfelaar met reg vra: Wat het ek aan my doop? Het God dan net *dalk*, hopelik sy beloftes aan my geskenk? Waar is die teken en *seël* van die sakrament dan nou?

Eweneens, volgens bogenoemde uitgangspunt, gaan die onverskillige, ongehoorsame verbondskind homself verontskuldig dat hy tog maar deur God verwerp is en nie deel gehad het aan die 'inwendige' verbond nie. Met so 'n benadering van die verbond kan met reg gevra word wat geword het van die *appèl* van die verbond. Sonder die appèl van die verbond het ons geen Skriftuurlike verbondsbeskouing nie!

Die Heilige Skrif en ons belydenis ken maar één verbond

* met opregte en ernstig bedoelde *beloftes* aan alle verantwoordelik-gedoopte verbondskinders,

* met gelyke *eise* van geloof en 'n lewe uit die geloof wat ernstig geld vir almal gelykelik,

* met *vervulde* seën vir hulle wat die beloftes in geloof aanvaar en

* met *wraak* vir hulle wat die beloftes in ongeloof verwerp. (Lees maar weer in hierdie verband Deut. 7 en 8 en Hebr. 3 en 4.) In dit alles aanvaar ons steeds kinderlik-dankbaar (al kan ons die verborgenheid hierin nie verstaan nie) dat die geloof genadegawe van God is en ongeloof eie skuld en moedswilligheid. Immers, God is só almagtig dat Hy sy soewereine beskikking en ons menslike verantwoordelikheid voluit naas mekaar kan handhaaf. (Vgl. Dordtse Leerreëls 2:5 en 6; 3&4:8-10.)

In die lig van bogenoemde kan dit net verhelderend wees om opsommend die belangrikste uitgangspunte, die appèl en die uitwerking van Skriftuurlike verbondsprediking uit te lig:

* In dié prediking word die hele gemeente, lidmaat vir lidmaat, as verbondskinders in die volle sin gesien en aanvaar.

  Hierdie prediking is dus nie 'n vae, algemene oproep tot deugsaamheid en bekering tot kindskap nie, maar *is* juis die konkrete ontmoeting tussen die Vader en sy kinders en erken die besondere band tussen God en die *hele* gemeente. Hierdie prediking het 'n dieper en inniger toon, want die liefde van God in Christus staan voorop en bepaal die hele benadering.

* Dié prediking verkondig en betuig aan almal die beloftes van die genadeverbond as waar en eg. Die prediking eis van elke lidmaat en vir lidmaat die toe-eiening

van die beloftes van die verbond deur 'n ware geloof, en 'n lewe in kinderlike gehoorsaamheid.

Hierdie prediking beklemtoon dus met besondere erns dat die verbondskind nie salig word omdat hy verbondskind is nie, maar laat 'n sterk appél uitgaan dat *elkeen* die beloftes met 'n ware geloof moet aanneem. Van die gemeente word nie vooraf veronderstel dat hulle uit twee groepe bestaan (gelowiges en ongelowiges), met 'n aparte boodskap vir elkeen nie. Nee, vir *almal* geld dit dat die beloofde heilsgoedere slegs langs die weg van geloofstoeëiening hulle deel word (die 'verbondseën'). Dié prediking stel aan *almal* die werklikheid van die verbondswraak as hulle die beloofde heilsgoedere in ongeloof afwys.

- Dié prediking verkondig nie veronderstellings nie en berus nie op veronderstellings oor wat in die lidmate se harte kon gebeur het nie. Dit werk met en vanuit sekerhede, want dit gebruik as vertrekpunt nie die verborge uitverkiesing nie maar die geopenbaarde verbond.

  Hierdie prediking ken dus nie so iets as 'n 'veronderstelde' wedergeboorte by die verbondskind nie. (Dit wil juis die wedergeboorte en die daaglikse bekering bewerkstellig!) Nee, hierdie prediking verkondig die *sekerheid* van wie God vir die verbondskinders is, naamlik die Getroue wat nooit terugkom op sy woord nie (2 Tim. 2:13). Dit verkondig nie wie die verbondskinders moontlik voor God is nie, naamlik moontlik uitverkorenes of wedergeborenes in wie se harte moontlik al iets gebeur het. Dit proklameer die sekerheid van God se beloftes vir hulle, beloftes waarop hulle kan staatmaak, en dit doen 'n beroep op die kinders se verantwoordelikheid om te *glo*, 'n instelling waardeur hulle dan deel kry aan die beloofde heilsgoedere. Hierdie prediking wil twyfel besweer en die verbondskind bring tot welbewuste geloofsekerheid.

- Dié prediking erken ten volle die goddelike uitverkiesing in Christus as die 'eerste oorsaak' van die verbondskind se gelowige aanvaarding van die beloftes, en daarmee saam die gehoorsame bekering volgens die eis van die verbond. Dit verkondig egter aan niemand dat hy 'n uitverkorene is nie, want God alleen ken die getal van die uitverkorenes, alhoewel hy elke uitverkorene mettertyd van sy eie uitverkiesing verseker.

  Hier is dus geen sprake van 'n 'vrye wil' of van enige verdienstelikheid by die mens voor God nie.

* Dié prediking, juis omdat die liefde van God voorop staan, gaan daarom nie op in 'n 'liewe Jesus'-sentimentaliteit nie, maar proklameer soveel skerper die oordeel van God.

  Die oordeel van God sal vir die verbondskind des te swaarder wees, want as die verbondskind die genade-liefde van sy Vader sorgeloos en moedswillig verag, verdien hy 'n groter oordeel as om gestraf te word bloot omdat hy God se gebooie nalaat. Vergelyk die bekende "ellende vir jou" van Christus in die *genaderyke* Matteüs 11, waar Hy die 'verbondstede', Gorasin, Betsaida en Kapernaum erg veroordeel, nie omdat hulle nie hulle pligte gedoen het nie, maar omdat die 'wonderdade' hulle onbewoë gelaat het.

* Dié prediking bestry alle vormgodsdiens met striemende krag, want:

  - Dit stel steeds vir die verbondskind die liefde van die Vader voorop en nie die vergelding van die Regter nie; dit vra van die kind liefde vir die Vader (die wese van godsdiens) en nie bloot formele pligplegings van die slaaf teenoor sy baas nie. (Vergelyk hier Mat. 11:25-30 met die bekende Heilandsroep: "Kom na My toe ..." en Hosea 6:6: "Want Ek verwag liefde eerder as offers, toewyding aan My eerder as brandoffers.")

  - Dit maak altyd 'n ernstige appèl op die verantwoordelikheid van die kind om te glo en hom te bekeer, *nie* op grond van *angs* vir die hel nie, maar op grond van *beskaming* oor God se verbondsgenade aan hom.

  - Dit stel die lewensvraag van die Vader aan sy kind: 'Wat maak jy, nie, in die eerste plek, met die wette en verordeninge van die Here nie, maar met die genadegawes van jou Vader?'

  - Dit laat die gehoorsame wetsbetragting van die verbondskind groei uit 'n hart wat herskep is in Christus tot "lus en liefde om na die wil van God te lewe in alle goeie werke ..." (Heid. Kat. antw. 90) en Gal. 2:20: "... en nou is dit nie meer ek wat lewe nie, maar Christus wat in my lewe".

  - Dit vlek die *wesenlike van die sonde oop*: Sonde is nie blote wetsoortreding of ongehoorsaamheid nie (wat wel die simptome is) maar *ongeloof* wat daarin na vore kom dat die kind nie wil neem wat sy Vader hom uit liefde gee nie, eerder as dat die mens nie wil doen wat God van hom vra nie (wat wel later moet kom), en nie wil wees wat sy Vader hom bedoel het om te wees nie.

- Dit karakteriseer ongeloof aan die verbondsbeloftes en ongehoorsaamheid aan die verbondseis as die moedswilligheid en skuld van die onwillige kind, en konfronteer hom met die toorn en oordeel van God.

- Dit troos en bemoedig die berouvolle sondaarkind dat sy Vader in Christus hom vergewe en laat hom opstaan tot 'n nuwe lewe.

- Dit maak van die plaaslike kerk meer as 'n meelewende gemeente: dit maak van haar 'n *lewende* gemeente!